# Tot ’n Gereformeerde Apologetiek: Fesko en Van Til

*Pieter van Deventer*
*Afrikaanse Protestantse Akademie*
*PRETORIA*
*pp.vandeventer@gmail.com*

**Hierdie artikel is die resultaat van navorsing gedoen aan die Afrikaanse Protestantse Akademie, Pretoria, onder begeleiding van prof. JA Swanepoel.**

## Opsomming

*Die debat tussen klassieke apologetiek en voorveronderstellende apologetiek het die afgelope 60 jaar telkens opgevlam. Een van die bydraes in hierdie debat is John Fesko se boek, Reforming Apologetics: Retrieving the Classic Reformed Approach to Defending the Faith (2019). Fesko kritiseer die teologiese onderbou van voorveronderstellende apologetiek, soos uiteengesit deur Cornelius Van Til (die vader van voorveronderstellende apologetiek).*

*Die doel van dié artikel is om Fesko se kritiek teen Van Til te beoordeel. Daar word geargumenteer dat Fesko se besware nie steekhou nie en dat die verskille tussen hom en Van Til kleiner is as wat hy in sy boek voorhou. Wesenlike verskille tussen klassieke apologetiek en voorveronderstellende apologetiek bestaan, maar lê nie waar Fesko dit aandui nie. Dit bring mee dat Fesko ’n strooipop maak van die voorveronderstellende posisie en dit dan verbrand. Daar is bevind dat Van Til se posisie meer genuanseerd is as wat Fesko voorgee en dat die besware wat Fesko uitlig nie neerkom op ’n wesenlike verskil tussen hulle posisies nie.*

## Abstract

*The debate between classical apologetics and presuppositional apologetics is still very much alive today. One of the contributions to this debate is John Fesko's book, Reforming Apologetics: Retrieving the Classic Reformed Approach to Defending the Faith (2019). Fesko critiques the theological foundation of presuppositional apologetics, based on the contributions of Cornelius Van Til (the father of presuppositional apologetics).*

*The aim of this article is to evaluate Fesko's critique of Van Til. It is generally argued that Fesko's objections miss the mark and that the differences between him and Van Til are smaller than he suggests in his book. There may indeed be substantial differences between classical apologetics and presuppositional apologetics, but those differences do not lie where Fesko indicates. This article therefore defends the presuppositional position against a straw man that is repeatedly set up and torn down.*

*This article fits within the framework of classical Reformed theology. Fesko's main critique is that Van Til distances himself unnecessarily from the classical Reformed tradition. The validity of Reformed doctrine is not discussed but is assumed as a given. The intention is to show that Van Til is not guilty of severing himself from Reformed viewpoints.*

*Fesko's objections to Van Til are repeatedly set out. They are also summarized in the form of a deductive argument so that his critique can be clearly understood. Thereafter, the evidence he provides regarding Van Til's views is examined. Consequently, Van Til's position is presented and discussed. The conclusion is that Van Til's position is more nuanced than Fesko acknowledges and that the objections Fesko raises do not amount to a substantive difference between their positions.*



### *Kernbegrippe*

Apologetiek, gemene oortuigings, klassieke apologetiek, Van Til, voorveronderstellende apologetiek

## 1. Inleiding

Die bydraes van die Gereformeerde teoloog Cornelius Van Til (1895-1987) het gelei tot bepaalde verskille in apologetiese metodologie in Gereformeerde kringe gedurende die 20ste eeu met weerklank tot in die 21ste eeu. Van Til se posisie het mettertyd die naam *voorveronderstellende apologetiek* ("presuppositional apologetics") ontvang. Hierdie benadering is met geringe nuanseringe steeds gehandhaaf deur figure soos die teoloë Greg Bahnsen, Scott Oliphint en John Frame. Teenoor die voorveronderstellende apologetiek staan die benadering wat bekend staan as die *klassieke apologetiek* ("classical apologetics"). Voorstanders van hierdie benadering is teoloë soos R.C. Sproul en Norman Geisler. ʼn Belangrike teoloog uit hierdie kringe vir die doeleindes van hierdie ondersoek is John Fesko. Sy publikasie, *Reforming Apologetics* (2019), is een van die onlangse akademiese bronne van kritiek op die teologiese onderbou van voorveronderstellende apologetiek.

In hierdie werk van Fesko bring hy verskeie vrae na vore, waaronder die volgende: (1) Is Cornelius Van Til se apologetiese metodologie gebou op die filosofie van idealisme eerder as ʼn klassiek-Gereformeerde teologie? (2) Behels sy teologie ʼn ontkenning van die klassiek-Gereformeerde formulerings oor die algemene openbaring, oor wêreldbeskouing, en oor die waarde van bewyse vir die bestaan van God uit die natuur? (3) Is Van Til deel van ʼn groter 19de en 20ste eeuse beweging wat, onder invloed van Kantiaanse filosofie, wegbeweeg van die klassiek-Gereformeerde teologiese tradisie? Op hierdie vrae antwoord Fesko bevestigend.

Die doel van hierdie artikel is om Fesko se argumente teen Van Til se teologie te beoordeel. Die algemene hipotese wat bewys sal word is dat Fesko en Van Til se posisies, hoewel verskillend, tog heelwat meer in gemeen het as wat Fesko wil toegee. Daar kan werklike verskille wees tussen die voorveronderstellende apologetiek en die klassieke apologetiek, maar hierdie verskille lê nie op die punte waar Fesko dit aandui nie.

Fesko se boek is veel meer as ʼn kritiek op Van Til. Hy lewer waardevolle historiese navorsing wat aandui dat die Gereformeerde vaders ʼn diepgaande verstaan van die boek van die natuur gehandhaaf het. Hy daag Gereformeerdes ook uit om hul voorveronderstellings oor figure soos Aquinas en Calvyn vir ʼn oomblik te laat staan en die primêre bronne te bestudeer. Hy lewer ook kritiek op die werke van ander figure – nie net Van Til nie: Hy spreek kritiek uit op die teoloog Abraham Kuyper (Fesko 2019:105-106) asook die Reformatoriese filosoof, Herman Dooyeweerd (Fesko, 2019:161-192). Ook die Afrikaanse Reformatoriese filosoof, B.J. van der Walt, kom

kortliks onder sy visier (Fesko, 2019:4 voetnota 9). ’n Groot deel van sy boek het egter ten doel om die teologiese onderbou van voorveronderstellende apologetiek te kritiseer wat dan ook die fokus van hierdie artikel is.

Fesko stel in hoofsaak drie argumente teen Van Til se teologie waarin hy reken dat Van Til wegbeweeg van die klassiek-Gereformeerde tradisie. Hierdie drie onderwerpe is:

1. Algemene oortuigings.
2. Wêreldbeskouings.
3. Transendentale argumente.

Fesko kritiseer Van Til ook op ander punte. Hy bring byvoorbeeld kritiek in teen Van Til se akademiese bespreking van Thomas Aquinas. Maar sy beswaar is eerder dat Van Til onnodig krities was teenoor Aquinas. Op hierdie punt reken Fesko dat Van Til in sy historiese navorsing ’n fout begaan het, eerder as in sy teologie. In die gedeelte van sy boek wat handel oor dualismes, bring Fesko (2019:161-192) ook kritiek na vore teen Van Til, maar in daardie gedeelte is hy meer gefokus op Dooyeweerd. Bogenoemde drie onderwerpe behels dus die hoofsaak van Fesko se beswaar teen Van Til se teologie.

Hierdie artikel sal vervolgens dié drie onderwerpe bespreek: (1) algemene oortuigings, (2) wêreldbeskouings en (3) transendentale argumente. Telkens sal drie sake na vore kom: Eerstens word Fesko se beswaar teen Van Til positief uiteengesit. Tweedens word oorweeg of hy self hierdie argument voldoende ondersteun met verwysing na Van Til. Derdens word Van Til se werke bestudeer ten einde te toets of Fesko reg laat geskied aan Van Til se sienings.

## 2. Algemene Oortuigings

### *2.1 Fesko se beswaar teen Van Til*

Algemene oortuigings (“common notions”) beslaan die kern van Fesko se boek. Hy definieer algemene oortuigings as idees oor God en die wêreld wat mense in die algemeen in gemeen het (Fesko, 2019:14,15,30). Enige waarheid waaroor gelowiges en ongelowiges dus kan saamstem kan geklassifiseer word as ’n algemene oortuiging. Fesko (2019:18, 25) gebruik ook die term, *die lig van die natuur*, om na hierdie algemene oortuigings te verwys.

Algemene oortuigings gaan dus oor waarhede wat gelowiges en ongelowiges, op grond van die gedeelde geskapenheid na die beeld van God, met mekaar in gemeen het. Die volgende voorbeelde word genoem:

- **Etiek:** Soortgelyke konsepte oor wat reg en verkeerd is, kan geklassifiseer word as algemene oortuigings. Die meeste mense, gelowig of ongelowig, sal, byvoorbeeld, saamstem dat moord verkeerd is.
- **Logika:** Die basiese wette van formele logika, soos die wet van nie-teenstrydigheid, pas ook onder die sambreel van algemene oortuigings. Die meeste mense weet dit is onmoontlik vir A om B en nie-B te wees op dieselfde tyd en in dieselfde sin.
- **Wiskunde:** Waarhede wat ontdek kan word deur gebruik te maak van wiskunde kan ook geklassifiseer word as algemene oortuigings. Beide gelowiges en ongelowiges kan tot die gevolgtrekking kom dat twee plus twee gelyk aan vier is.
- **Wetenskap:** Ook waarhede wat uit die natuur ontdek kan word is ingesluit by die kategorie van algemene oortuigings. Die sogenaamde ‘harde’ wetenskappe (fisika, chemie, biologie, ens.) kan feitelike kennis oor die fisiese wêreld ontdek waaroor mense kan saamstem, sonder dat hulle gelowiges hoef te wees.
- **God:** Daar kan selfs sekere idees oor God wees, wat geklassifiseer kan word as deel van algemene oortuigings. Hierdie idees hoef nie uitdruklik deur die ongelowige erken te word nie, maar kan nogtans invloed uitoefen op sy lewe.

In lyn met sy gereformeerde agtergrond benadruk Fesko (2019:18) egter dat algemene oortuigings nie kennis insluit wat in wese neerkom op ŉ ware geloof in God nie. Hy glo nie dat die inhoud van algemene oortuigings, wat die natuurlike mens tot sy beskikking het, ooit genoeg kan wees om hom as sondige wese by verlossing uit te bring nie. As die oortuigings van geloof, waardeur Christene gered word, deel van die inhoud van hierdie algemene oortuigings was, sou die ongelowige uit homself, sonder die besondere openbaring van Jesus Christus, gered kon word. Hierteenoor stel Fesko (2019:18) duidelik dat algemene oortuigings ver te kort skiet aan die kennis van ŉ ware geloof.

Fesko maak ŉ goeie saak daarvoor uit dat algemene oortuigings, só gedefinieer, ŉ belangrike deel uitmaak van die klassiek-Gereformeerde teologiese tradisie. Hy verwys positief na Anthony Burgess, een van die vaders van die Westminster Belydenis, wat die konsep van algemene oortuigings in diepte uiteengesit en verdedig het (Fesko, 2019:15-26,28-31). Hy wys ook daarop dat die konsep voorkom in die Westminster Standaarde (Fesko, 2019:11-13, 39-42). Ook die Dordtse Leerreëls erken die beginsel in Hoofstuk 3 en 4, Paragraaf 4 (Fesko, 2019:14). Dié beginsel is ook deur ŉ groot aantal van die gereformeerde vaders, onder andere Calvyn (Fesko, 2019:34-35) aanvaar.

Fesko se beswaar teen Van Til is die volgende: Hy argumenteer dat daar teen die einde van die 19de eeu 'n nuwe stroming in die gereformeerde tradisie gekom het, onder invloed van die filosofie van die Verligting, wat hierdie beginsel van algemene oortuigings ontken (Fesko, 2019:2-4). Van Til is volgens Fesko deel van hierdie groep (Fesko, 2019:6-7,24). Fesko se argument kan soos volg opgesom word:

1. Indien iemand algemene oortuigings ontken, ontken die persoon 'n deel van die klassiek-Gereformeerde tradisie.
2. Van Til ontken algemene oortuigings.
3. Dus: Van Til ontken 'n deel van die klassiek-gereformeerde tradisie.

Bogenoemde uiteensetting help om die tipe argument wat Fesko voer te identifiseer en word 'n *deduktiewe argument* genoem. Dit beteken dat as punte 1 en 2 afsonderlik waar is, punt 3 (die gevolgtrekking) noodwendig ook waar is. Die hoofsaak van Fesko se argument is dus dat Van Til se apologetiek nie gebou is op die volle basis van klassiek-gereformeerde teologie nie.

## *2.2 Fesko se bewyse*

Die vraag is of Fesko sy bewerings kan bewys. Hier word ingegaan op die tweede premis van sy argument: Dat Van Til die werklikheid van algemene oortuigings ontken. Fesko (2019:11-26, 28-31, 34-35, 39-42) gee voldoende bewyse uit primêre bronne om aan te toon dat algemene oortuigings wél deel is van die klassiek-gereformeerde tradisie. Die vraag is egter of hy voldoende bewys dat Van Til hierdie werklikheid ontken.

Fesko (2019:24) skryf dat filosowe van die verligting die konsep van algemene oortuigings verwerp het. Hierdie verwerping het volgens hom in die 20ste eeu begin deursuur na gereformeerde teoloë soos Karl Barth en Cornelius van Til (Fesko. 2019:24). Hy gee 'n verwysing met laasgenoemde sin, na Van Til se boek, *The Defense of the Fait*h (Van Til, 1967:168-169). Op dié spesifieke twee bladsye is daar egter geen ontkenning van algemene oortuigings nie. In teendeel, op hierdie twee bladsye erken Van Til juis die beginsel van algemene oortuigings deur te skryf: “All men have common notions about God; all men naturally have knowledge of God” (Van Til, 1967:168). Fesko se verwysing bewys dus nie sy stelling nie, maar eerder die teendeel.

Die vraag is egter waarom Fesko na hierdie bladsye verwys as dit klaarblyklik sy interpretasie van Van Til se siening ondermyn. Wat presies sien Fesko op hierdie twee bladsye wat neerkom op 'n ontkenning van die beginsel van algemene oortuigings? 'n Latere aanhaling, uit dieselfde bladsye, dui moontlik

op wat Fesko ingedagte het: Fesko (2019:110) haal Van Til (1967:169) aan wat skryf: “That all men have all things in common metaphysically and psychologically, was definitely asserted, and further, that the natural man has epistemologically nothing in common with the Christian.” Heel moontlik is dit hierdie selfde stelling waarna Fesko (2019:24) vroeër verwys het as bewys dat Van Til die beginsel van algemene oortuigings verwerp.

Fesko (2019:110) argumenteer dat ’n stelling soos hierdie op die oog af lyk soos ’n ontkenning van algemene oortuigings. Volgens Fesko (2019:109-113) is hierdie een van die meer komplekse en dubbelsinnige aspekte van Van Til se teologie, wat volgens hom neerkom op ’n inkonsekwentheid. Op plekke klink Van Til asof hy algemene oortuigings erken, op ander plekke klink dit asof hy dit verwerp. Hierdie beweerde teenstrydigheid kom egter vir Fesko neer op ’n direkte ontkenning van algemene oortuigings.

Die vraag is egter of Van Til werklik inkonsekwent is of met rede sy eie standpunt genuanseerd uitdruk. Daar is reeds uitgewys dat Van Til (1967:168) in die direkte konteks van die problematiese aanhaling die beginsel van algemene oortuigings uitdruklik erken. Direk ná hierdie stelling kwalifiseer hy ook sy posisie deur te stel dat die ongelowige mens slegs *in beginsel* geen kennis in die algemeen het met die Christen nie (Van Til, 1967:169). Van Til tref gereeld ’n onderskeid tussen die werklikheid van sake *in beginsel* en *in praktyk*. Volgens Van Til (1967:169) sal die natuurlike mens eers met die wederkoms van Jesus Christus volkome word wat hy nou reeds in beginsel is. Tot dan weerhou God ongelowiges van ’n konsekwente uitlewing van algemene oortuigings (Van Til, 1967:169). Selfs nou nog, voor die wederkoms, bewys God sy algemene genade aan die verlore mense waardeur hulle baie goeie dinge ontvang, wat God gebruik om hulle as mense te laat funksioneer, asook om hulle tot bekering te roep (Van Til, 1967:169).

Van Til is duidelik op hierdie punt nie inkonsekwent is nie. Hy erken nie algemene oortuigings op die een bladsy om dit op die volgende bladsy te ontken nie. Hy stel pertinent dat daar waarhede is waaroor gelowiges en ongelowiges kan saamstem. Maar dít is net só omdat die ongelowige nou nog deur God teruggehou word om sy verdorwenheid geheel en al uit te leef. Dit gaan dus nie daaroor dat skeppingswaarhede nie kenbaar is nie (Rom.1), maar dat die verdorwenheid van die mens dit verwring. In beginsel is daar geen ooreenkoms tussen lig en duisternis nie. Die enigste rede waarom daar vandag nog algemene oortuigings kan wees, is omdat die duisternis nog, tot ’n mate, verlig word.

Fesko se ander verwysings na Van Til volg ’n soortgelyke tendens. Telkemale kan ’n meer deurdagte verstaan van Van Til nuanse sien waar

Fesko inkonsekwentheid sien. Fesko (2019:110) skryf byvoorbeeld dat Van Til vir Bavinck verkwalik het dat hy ingekoop het by ’n Thomistiese idee van algemene oortuigings, eerder as om die konsekwent-Christelike posisie vanuit die staanspoor te onderskei van die sinkretistiese posisie van Thomas Aquinas. Om hierdie punt te bewys, verwys hy na Van Til se boek, *Introduction to Systematic Theology* (Van Til, 1974:47-48). Dit is egter moeilik om te sien watter opmerking van Van Til in hierdie verwysing veronderstel is om neer te kom op ’n ontkenning van algemene oortuigings. Van Til (1974:47-48) kritiseer weliswaar op hierdie punt vir Bavinck deur te beweer dat laasgenoemde nie voldoende die Christelike fondasie van menslike rede onderskei het van die filosofie van Plato nie. Hy beweer verder dat Bavinck inkonsekwent is deur aan te sluit by die filosofie van Thomas Aquinas. Maar hy maak geen poging om die beginsel van algemene oortuigings te kritiseer of te verwerp nie. Dit is natuurlik moontlik om, soos Fesko, van Van Til te verskil oor die geldigheid van Bavinck se aansluiting by Thomas Aquinas. Maar ’n kort opmerking oor Bavinck en Aquinas kan tog nie geneem word as bewys dat Van Til algemene oortuigings ontken nie.

Dieselfde opmerkings kan gemaak word oor Fesko (2019:110) se ander verwysings na Van Til wat hy beweer algemene oortuigings ontken. Deurgaans word dit duidelik dat Van Til nie besig is om die klassiek-gereformeerde leer oor die algemene openbaring te ontken nie. Fesko (2019:110 voetnota 73) verwys byvoorbeeld na Van Til (1967:210) wat skryf:

> The Reformed Apologetic ... does not take for granted ... that because men have ‘common notions’ about God by virtue of their creation in God’s image, that sinners and saints also have common notions when they are epistemologically self-conscious.

Dit is moontlik om Van Til hier te verstaan asof hy die idee van algemene oortuigings verwerp, maar dit is weer belangrik om te sien dat hy ’n belangrike nuanse inbou in sy siening: Hy skryf oor sondaars en heiliges *wat epistemologies selfbewus redenee*r. Tot en met die wederkoms is beide die sondaar en die heilige, egter, nooit volkome epistemologies selfbewus nie. Hierdie waarheid kan gesien word in ’n vroeër opmerking in dieselfde boek:

> But in the course of history the natural man is not fully self-conscious of his own position ... There is a conflict of notions within him. But he himself is not fully and self-consciously aware of this conflict within him. He has within him the knowledge of God by virtue of his creation in the image of God. But this idea of God is suppressed by his false principle, the principle of autonomy. The principle of autonomy is, in turn, suppressed by the restraining power of God’s common grace. Thus the ideas with which he daily works do not proceed consistently either from the one principle or from the other. (Van Til 1967:170).

Fesko (2019:110 voetnota 73) verwys ook na Van Til (1974:195-196) as ŉ ontkenning van algemene oortuigings. Op hierdie plek ontken Van Til weereens nie die idee van algemene oortuigings nie. Inteendeel, hy erken juis weer die beginsel deur te stel dat die mens se inherente kennis van God veel meer is as ŉ formele moontlikheid, kapasiteit of vermoë wat nooit tot verwerkliking kom nie. Volgens Van Til (1974:195-196) is dit onmoontlik vir ŉ beperkte menslike bewussyn om nie tot in sy diepste wese toe geroer te word deur die Goddelike openbaring in en rondom die self nie. Dit is dus duidelik dat Van Til die werklikheid van die algemene openbaring erken, nie as kennis wat *in teorie* kan deurdring tot sommige mense nie, maar as kennis wat *in werklikheid* deurdring tot alle mense.

Fesko (2019:110 voetnota 73) verwys verder ook na Van Til (1976:45,51) as ŉ ontkenning van algemene oortuigings. Op hierdie punt kritiseer Van Til (1967:45,51) die Roomse posisie deur te stel dat dit te veel outonomiteit toelaat in die kontakpunt tussen gelowige en ongelowige. Van Til spreek sy kritiek teen die Roomse posisie so sterk uit dat dit moontlik kan klink asof hy geen kontakpunt tussen die gelowige en die ongelowige sien nie. Tog is dit duidelik uit die konteks dat hy ŉ mate van ŉ kontakpunt erken: Hy skryf later dat die gereformeerde posisie nie daarop neerkom dat die ongelowige geen ware kennis kan besit nie (Van Til, 1976:52, 54-58).

Fesko (2019:110) skryf verder ook dat Van Til reken dat hierdie idee van algemene oortuigings weglei van Calvyn af en terug na Aquinas. Hy verwys hier weer na Van Til se boek *The Defense of the Faith* (1967:175). Op hierdie bladsy ontken Van Til weereens nie die idee van algemene oortuigings nie, maar onderskei slegs tussen verskillende soorte algemene oortuigings. Dit is volgens Van Til (1967:175) nodig om te onderskei tussen die algemene oortuigings van twee groepe: (1) alle mense en (2) alle mense in twee groepe: Gelowiges en ongelowiges (vgl. Anderson, 2021a). Alle mense het dus sekere dinge in gemeen: Daar is sekere waarhede waarby alle mense kan uitkom danksy die algemene openbaring. Maar daar is ook algemene oortuigings wat slegs gelowiges met mekaar deel en algemene oortuigings wat slegs ongelowiges met mekaar deel. Hierdie onderskeid tussen verskillende soorte algemene oortuigings kan dalk verwarrend wees, maar duidelik erken Van Til die werklikheid van algemene oortuigings tussen gelowiges en ongelowiges.

Fesko (2019:110) haal dan aan uit Van Til wat stel dat Rooms-Katolieke natuurteologie herleef in gereformeerde kringe in die idee dat die natuurlike mens die vermoë het om ŉ aspek van die wêreld te interpreteer “without basic error” (Van Til, 2015:Eboek). Hierdie opmerking kan beslis verwarrend

wees. Dit klink op die oog af asof Van Til dus reken dat die natuurlike mens altyd op ’n basiese manier verkeerd sal wees in sy interpretasie van die wêreld. Uit Van Til (2015:Eboek) se volgende paragraaf is dit egter duidelik dat hy nie skryf oor algemene oortuigings as sulks nie: Hy skryf weer oor ’n siening van algemene oortuigings wat nie die nodige onderskeiding tref nie, en gevolglik nie bereid is om te erken dat daar verskille is tussen die idees van Christene en nie-Christene nie. Hy het dit teen ’n siening van algemene oortuigings wat algemene oortuigings benader as “common ideas in the sense that [Christians and non-Christians] agree on certain meanings without any difference” (Van Til, 2015:Eboek). Hierdie siening, so skryf hy, gaan verder as die gereformeerde standpunt van ’n gedeelde konfrontasie met die natuurlike openbaring, ’n gedeelde geskapenheid na die beeld van God, ’n gedeelde besef van Goddelikheid, en ’n gedeelde gebruik van die wette van logika (Van Til, 2015:Eboek). Dit is dus beter om tot die gevolgtrekking te kom dat Van Til die beginsel van algemene oortuigings nuanseer op grond van die onderdrukking deur die ongelowige, eerder as dat hy dié beginsel geheel en al verwerp.

Deurgaans kan tot dieselfde gevolgtrekking gekom word in verband met Fesko se bewyse vir sy argument. Algemene oortuigings is beslis deel van die klassiek-gereformeerde tradisie. Dit word egter nie deur Van Til verwerp nie, maar hy neem juis die sondegevallendheid van die mens in ag, wat maak dat dit wat duidelik sigbaar is verdraai word.

## *2.3 Van Til se standpunt*

Buiten die verwysings wat Fesko gee, kan daar ook verder op Van Til se geskrifte ingegaan word vir sy standpunt rondom algemene oortuigings. Van Til (1967:90-95, 151-155, 168,298) erken op verskeie plekke die beginsel van algemene oortuigings. Daar kan ook verwys word na Pratt (1999) wat ’n groot verskeidenheid aanhalings uit Van Til se werke versamel om hierdie punt te bewys. Pratt (1999) bespreek vier misverstande oor die bydraes van Van Til. Al vier misverstande wat Pratt identifiseer het te doen met die konsep van algemene openbaring en die natuurlike mens se toegang tot ware kennis (algemene oortuigings). Pratt (1999) toon duidelik aan dat Van Til se geskrifte vol is van die erkenning dat die natuurlike mens wel kennis van God het en daarom sonder verontskuldiging staan. Anderson (2021a) skryf ook in dié verband:

> I would go further, in fact, and argue that Van Tilian apologetics *presupposes* (!) that there are some common notions between believers and unbelievers. If there is *any* point of contact with the unbeliever — *any* common ground, *any* foothold for an argument — there must be *some* common notions involved.

Waldron (2019), in sy evaluering van Fesko se boek, bring ook dieselfde kritiek na vore en skryf dat Van Til net beswaar aanteken teen die Roomse omskrywing van algemene oortuigings – Van Til is nie teen die beginsel as sodanig nie.

Een van die dokumente om te bestudeer in verband met Van Til se standpunt oor algemene oortuigings, is sy artikel *Nature and Scripture* (1946). In hierdie artikel sit Van Til uiteen wat hy glo in terme van God se algemene openbaring. Dit is dus inderdaad ŉ jammerte dat Fesko hierdie artikel nie ter sprake bring in sy kritiek teen Van Til nie (Reformed Forum, 2019). In hierdie artikel omskryf Van Til (1946) beide God se algemene en sy besondere openbaring met die vier eienskappe van die Skrif, volgens die Westminster Standaarde, naamlik noodsaaklikheid ("necessity"), gesaghebbendheid ("authority"), genoegsaamheid ("sufficiency") en duidelikheid ("perspecuity"). Hiermee gee Van Til aan die boek van die natuur ŉ besondere plek in sy teologie. Hierdie artikel het duidelike implikasies vir die beginsel van algemene oortuigings – implikasies wat Fesko nie in ag neem nie.

Hoewel Fesko (2019:99,111) reken dat Van Til die idee van algemene oortuigings verwerp, argumenteer hy tog dat Van Til die wese van die klassieke idee van algemene oortuigings behou in sy idee van gemene grond ("common ground"). Indien wel, beteken dit egter dat Fesko die fondasie van sy eie argument afbreek: As Van Til die wese van die klassieke idee van gemene oortuigings behou (hetsy onder ŉ nuwe term of nie) word sy eie besware teen Van Til verminder tot ŉ verskil oor terminologie. Fesko hanteer hierdie terminologiese verandering wel asof dit meer is en neerkom op ŉ syspoor. Hy doen dit in die lig van sy verstaan van ander gedeeltes waar Van Til volgens hom, soos reeds aangedui, algemene oortuigings ontken.

Tog is daar niks in Van Til se werke wat die idee skep dat sy gebruik van die term *gemene grond* ŉ verwerping is van *gemene oortuigings* nie. Die enigste verwysing wat Fesko gee is na Van Til (s.a.) waar hy voorstel: "That we no longer make an appeal to 'common notions' which Christian and non-Christian agree on, but to the 'common ground' which they actually have because man and his world are what Scripture says they are." Waarom presies Van Til hierdie terminologiese verandering voorstel is nie duidelik nie. Van Til gee net hierdie een sin en geen verdere verklaring nie. Dit is dus nie moontlik om hieruit tot die gevolgtrekking te kom dat Van Til enigiets meer as ŉ terminologiese verandering voorstel nie, veral omdat dit duidelik is uit sy ander werke dat hy die idee van algemene oortuigings nie verwerp nie maar slegs kwalifiseer.

Die gevolgtrekking is dat Van Til ʼn hoë opinie van algemene oortuigings handhaaf. Hy ontken nie in woord of beginsel hierdie idee nie. Soms verwys hy eerder na *gemene grond* as na *gemene oortuigings*, maar, soos Fesko self erken, behels hierdie terminologiese verandering nie ʼn ontkenning van die klassiek-Gereformeerde definisie van gemene oortuigings nie. Op hierdie punt is daar dus nie ʼn wesenlike verskil tussen die klassieke apologetiek en die voorveronderstellende apologetiek nie.

## 3. Wêreldbeskouing

Fesko bespreek ook verskeie struikelblokke wat hy sien in die weg van die herwinning van die klassiek-Gereformeerde siening van gemene oortuigings. Een van hierdie struikelblokke is ʼn spesifieke idee van wêreldbeskouing (Fesko, 2019:97).

### *3.1 Fesko se beswaar teen Van Til*

Fesko erken dat mense wêreldbeskouings het. In die algemene sin is dit waar dat alle mense ʼn spesifieke manier het om na die wêreld te kyk (Fesko, 2019:98). Dieselfde punt kan gemaak word ten opsigte van filosofiese tradisies en godsdienste: “There are, for example, and speaking very generally, Christian, Buddhist, Muslim, and atheist ways of looking at the world” (Fesko, 2019:98).

Dit is dus duidelik dat Fesko die fenomeen van wêreldbeskouing erken. Hy stel egter dat ʼn sekere idee oor die aard en werking van ʼn wêreldbeskouing problematies is vir die herwinning van die Gereformeerde idee van gemene oortuigings (Fesko, 2019:98). Hierdie spesifieke siening van wêreldbeskouing staan bekend as *Historiese Wêreldbeskouingsteorie* (HWT van hier af).

Volgens Fesko (2019:98) kan HWT gedefinieer word aan die hand van die volgende vier eienskappe:

1. Die verwerping van ʼn algemene leerstelling van die mens (bv. algemene oortuigings).
2. Die oortuiging dat wêreldbeskouings afgelei word van ʼn alleenstaande beginsel.
3. Die eis dat ʼn wêreldbeskouing die werklikheid omvattend en sistematies moet omskryf.
4. Die siening dat opponerende wêreldbeskouings hoegenaamd nie oorvleuel nie.

Fesko (2019:98) stel dat hierdie vier aspekte van HWT ŉ omgewing skep waarin die historiese Gereformeerde leerstelling van die algemene openbaring nie kan floreer nie. Daarom reken hy dat groeiende belangstelling in HWT noodwendig gepaardgaan met ŉ verminderde gebruik van die boek van die natuur (Fesko, 2019:98).

Fesko (2019:98-99) argumenteer dat elkeen van die vier eienskappe van HWT onskriftuurlik is. Hy argumenteer verder dat HWT deur Van Til gebruik word in sy apologetiek: "I believe that Van Til rejected common notions because at points in his apologetics he employed HWT" (Fesko, 2019:99). Hy argumenteer dat Van Til probeer het om HWT te versoen met ŉ klassiek-Gereformeerde teologie, wat gevolglik bygedra het tot teenstrydighede in Van Til se idees en ŉ onnodige afstand tussen Van Til en die res van die 20$^{ste}$ eeuse Gereformeerde gemeenskap geskep het (Fesko, 2019:99). Fesko se argument teen Van Til oor wêreldbeskouings kan dus soos volg opgesom word:

1. Indien iemand HWT onderskryf, is die persoon onskriftuurlik en in stryd met die klassiek-Gereformeerde teologie.
2. Van Til akkommodeer HWT op plekke.
3. Dus: Van Til is op plekke onskriftuurlik en in stryd met die klassiek-Gereformeerde teologie.

As punte 1 en 2 afsonderlik waar is, volg die gevolgtrekking (punt 3) noodwendig. Vir Fesko om sy gevolgtrekking (punt 3) te bewys, moet hy ook hier bewyse lewer dat punte 1 en 2 albei waar is.

### *3.2 Fesko se bewyse*

Ook hier word slegs aandag gegee aan die tweede premis. Dit sal wel ŉ insiggewende studie wees om die oorspronge van HWT te ondersoek en te kyk of al die eienskappe wat Fesko lys wel onskriftuurlik is. Maar ter wille van die argument word hier aanvaar dat Fesko (2019:98-99, 100-105) voldoende aantoon dat HWT onskriftuurlik is, en in stryd met klassiek-Gereformeerde teologie. Hier word dus slegs ingegaan op die vraag of Van Til werklik beïnvloed is deur HWT.

Fesko fokus aanvanklik op die tweede eienskap van HWT: Die oortuiging dat wêreldbeskouings afgelei word van ŉ alleenstaande beginsel. Dit beteken dat daar net een beginsel as die uiteindelike fondasie van ŉ wêreldbeskouing mag dien. Daar mag nie meer as een absolute wees waarvan ŉ wêreldbeeld afgelei word nie. Fesko (2019:107) argumenteer dat Van Til hierdie siening

oor wêreldbeskouings gehandhaaf het en dat dit hom daartoe gelei het om elemente van HWT te onderskryf.

Dit is egter belangrik om in ag te neem dat Fesko, om hierdie punt te bewys, nie net moet aantoon dat Van Til op plekke geskryf het van ’n sekere beginsel wat tot die geheel van ’n wêreldbeskouing spreek nie. Dit is moontlik vir ’n wêreldbeskouing om afgelei te word van ’n veelheid van beginsels wat elkeen spreek tot die totaliteit van die wêreldbeskouing. Só ’n siening voldoen egter nog nie aan die tweede eienskap van HWT nie. Fesko moet dus aandui dat Van Til beweer dat net een beginsel gebruik mag word as die uiteindelike fondasie van die Christelike wêreldbeskouing – dit is nie genoeg om aan te dui dat Van Til beweer dat ’n spesifieke beginsel spreek tot die geheel van ’n wêreldbeskouing nie.

Fesko gee verskeie aanhalings wat klaarblyklik sy punt bewys. Hy verwys na Van Til wat Kuyper kritiseer in sy boek, *Common Grace and the Gospel* (Fesko 2019:107). Daar skryf Van Til (2015:Eboek) dat Kuyper ’n swakheid het in die fondasie van sy epistemologie, omdat hy nie begin by die voorveronderstelling van die ontologiese Drie-Eenheid nie. Volgens Van Til (2015:Eboek) het Kuyper tot ’n mate sy idees geformuleer aan die hand van ’n gemoderniseerde platonisme. Die ontologiese Drie-Eenheid word dus deur Van Til gebruik as ’n basiese beginpunt vir die Christelike wêreldbeskouing. Fesko (2019:107) verwys ook na ’n ander plek in dieselfde boek waar Van Til (2015:Eboek) stel dat die ontologiese Drie-Eenheid die beginsel is waarvolgens hy alles interpreteer: “God is our concrete universal; in Him thought and being are coterminous, in Him the problem of knowledge is solved” (Van Til, 2015:Eboek). Dit is dus duidelik dat Van Til die drie-enige God neem as ’n basiese beginpunt om sy wêreldbeskouing te bepaal.

Die probleem is dat Van Til nie daardeur sê dat hierdie beginsel – die beginsel van die ontologiese Drie-Eenheid – die enigste beginsel is wat ’n uiteindelike plek in die Christelike wêreldbeskouing mag inneem nie: Hy stel slegs dat dit ’n beginsel is wat spreek tot die geheel van sy wêreldbeskouing. Op ander plekke verwys hy egter na ander beginsels, wat Fesko self uitlig. Só haal Fesko vir Van Til aan wat skryf:

> No valid interpretation of any fact can be carried on except upon the basis of the authoritative thought communication to man of God’s final purposes in Scripture, as this Scripture sets forth in final form the redemptive work of Christ. Every fact must be interpreted Christologically (Van Til in Fesko, 2019:108).

Fesko haal verder ook vir Van Til aan wat skryf:

> We must really do what Karl Barth has insisted that we must do but has not done, namely, start our interpretation of the whole of life *von oben* [from above]. We must begin our meditation upon any fact in the world in the light of the Son of God, the light which is as the light of the sun, the source of all other light (Van Til in Fesko, 2019:108).

By hierdie plekke neem Van Til egter nie die ontologiese Drie-Eenheid as uiteindelike beginpunt van die Christelike wêreldbeskouing nie: Hy neem Jesus Christus as uiteindelike beginpunt. Elke feit moet volgens Van Til gestel word in die lig van Jesus Christus – die bron van alle lig.

Die vraag is nou: Watter een van hierdie twee beginsels wat Van Til noem moet die *alleenstaande* beginsel wees waarin hy glo? Is die drie-enige God die beginpunt van die Christelike wêreldbeskouing, of is Jesus Christus die beginpunt van die Christelike wêreldbeskouing? Moet ŉ wêreldbeskouing, in die uiteindelike sin, niks anders wees as trinitaries, of niks anders as Christologies, nie? Is dit nie moontlik vir beide die ontologiese Drie-Eenheid en die vleesgeworde Christus, sowel as ander beginsels, om ŉ uiteindelike plek in te neem in Van Til se filosofie van wêreldbeskouing nie?

Al die bogenoemde aanhalings uit Van Til se werke gee slegs beginsels wat spreek tot die geheel van ŉ wêreldbeskouing: Nêrens beweer Van Til dat hierdie beginsel die enigste beginsel is waarvan ŉ Gereformeerde wêreldbeskouing afgelei kan word nie. Die aanhalings argumenteer slegs vir *allesomvattende* beginsels. Nêrens argumenteer Van Til vir ŉ *alleenstaande* beginsel nie. Dit blyk dus dat Fesko nie oortuigend bewys dat Van Til die tweede eienskap van HWT aanvaar het nie.

Fesko (2019:127-134) bring ook die derde eienskap van HWT ter sprake. Die derde eienskap van HWT behels dat ŉ wêreldbeskouing die werklikheid omvattend en sistematies moet omskryf. Fesko (2019:127) gee toe dat die Bybel verklarings gee oor God, die mens en die wêreld en daarom implikasies inhou vir die elke aspek van die lewe. Hy stel egter dat dit ŉ geheel ander saak is om te argumenteer dat die Bybel omvattend is in alles wat dit beskryf en moet dien as die bron van alle kennis (Fesko 2019:127). Hy argumenteer dat Van Til die Bybel gebruik nie net as basis vir ŉ Christelike wêreldbeskouing nie, maar ook as ŉ omvattende beskrywing van die werklikheid.

Anderson (2021b) dui egter aan dat Van Til nêrens só ŉ eis aan die Bybel stel nie: “None of the quotations or citations provided by Fesko supports the charge” (Anderson, 2021b). Fesko (2019:128) verwys wel na Van Til se boek, *Christian Apologetics,* waarin hy stel dat die Christelike wêreldbeskouing

sigself aanbied as ’n “absolutely comprehensive interpretation of human experience” (Van Til, 1976:38). Anderson (2021b) verstaan hierdie opmerking egter nie as ’n ondersteuning van die idee dat die Bybel antwoorde het vir alle vrae van alle mense, of dat dit vir die mens alles leer wat hy nodig het om te weet oor die wêreld nie. Die Bybel sê nie alles wat daar te sê is oor enige besondere ding nie, maar dit het iets te sê oor alles en wat dit sê word met gesag gesê (Anderson, 2021b).

Van Til (1976:2) kwalifiseer sy posisie op ’n soortgelyke manier, wat ondersteuning bied aan Anderson (2021b) se beoordeling. Van Til (1976:2) skryf:

> The Bible is thought of as authoritative on everything of which it speaks. Moreover, it speaks of everything. We do not mean that it speaks of football games, of atoms, etc., directly, but we do mean that it speaks of everything either directly or by implication.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word, saam met Anderson (2021b), dat Fesko op hierdie punt nie die fyner nuanses van Van Til se siening oor die rol van die Bybel in die Christelike wêreldbeskouing in ag neem nie.

Fesko bring nie die ander twee eienskappe van HWT in diepte na vore in sy bespreking van Van Til se standpunt nie. Anderson (2021b) toon egter aan dat Van Til ook nie hierdie eienskappe van HWT ondersteun het nie. Die gevolgtrekking is dus dat Fesko nie voldoende aantoon dat Van Til homself vereenselwig het met HWT nie.

### *3.3 Van Til se standpunt*

Van Til se eie bydrae oor wêreldbeskouing kan opgesom word met 3 stellings:

1. Die Christelike wêreldbeskouing staan in absolute antitese met alle ander wêreldbeskouings.
2. Hierdie antitese is slegs ’n absolute antitese *in beginsel*.
3. Die ongelowige probeer om die Christelike wêreldbeskouing te vermy, maar hy verraai homself deur telkemale steeds te werk met Bybelse voorveronderstellings.

Van Til (1974:6) stel dat die stryd tussen die Christelike geloof en alle nie-Christelike godsdienste, in die moderne tydvak, nie ’n vredeliewende saak is nie, maar ’n “life-and-death struggle between two mutually opposed life-and-world views”. Stellings soos hierdie toon duidelik dat Van Til ’n absolute antitese stel tussen die Christelike wêreldbeskouing en enige ander wêreldbeskouing.

Die vraag is egter of hierdie siening Van Til dan nie skuldig maak aan die vierde eienskap van HWT nie. Hoewel Fesko nie in diepte hierdie bewering maak nie, moet dit steeds van die hand gewys word. Dit is waar die tweede aspek van Van Til se siening oor wêreldbeskouing ter sprake kom: Die absolute antitese tussen die Christelike wêreldbeskouing en alle ander wêreldbeskouings is vir Van Til slegs ŉ absolute antitese *in beginsel*. In beginsel handhaaf die gelowige en die ongelowige verskillende standaarde, maar in praktyk is die werklikheid meer kompleks. Hierdie aspek van Van Til se denke kom duidelik na vore in die volgende aanhaling:

> Thus we have the 'relative good' in the 'absolutely evil' and the 'relatively evil' in the 'absolutely good'. Neither the 'absolutely evil' nor the 'absolutely good' are epistemologically as self-conscious as they will be in the future. God's favor rests upon the reprobate and God's disfavor rests upon the elect to the extent that each lacks epistemological self-consciousness ... As there is an 'old man' in the believer, so there is an 'old man' in the unbeliever. As there are the remnants of sin in the believer, so there are the remnants of the image of God in the unbeliever (Van Til, 2015:Eboek).

In beginsel is daar geen oorvleueling tussen lig en duisternis – tussen geloof en ongeloof – nie. Maar omdat nóg die gelowige, nóg die ongelowige, geheel en al konsekwent is hierdie kant van die wederkoms, is daar kontakpunte tussen hulle wêreldbeskouings.

In dieselfde lyn bring Van Til (1969:8) die argument na vore dat teïsme deur ateïsme vooronderstel word: "One must stand upon the solid ground of theism to be an effective antitheist." Volgens Van Til (1967:103) sal dit absurd wees om te stel dat ongelowiges geen kennis kan bekom deur die metodes wat hulle daartoe gebruik nie: Hy argumenteer slegs dat ongelowiges nooit hul eie metodes konsekwent gebruik nie. Vir Van Til is daar dus in beginsel ŉ absolute antitese tussen die Christelike en die nie-Christelike wêreldbeskouings, maar in praktyk, weens die inkonsekwentheid van die ongelowige, is daar wel oorvleueling. Selfs as die ongelowige probeer om die wêreldbeskouing van die Christen te kritiseer, doen hy dit deur gebruik te maak van idees wat voortspruit uit ŉ Christelike wêreldbeskouing.

Die gevolgtrekking word dus gemaak dat Van Til nie so vasgevang was in die idealisme as wat Fesko beweer nie. Van Til se filosofie van wêreldbeskouing is meer genuanseerd as wat Fesko wil toegee: Hy pas nie goed in die kategorie van HWT waarvan hy beskuldig word nie. Ook op hierdie punt staan die klassieke apologetiek en die voorveronderstellende apologetiek nie so ver van mekaar nie.

## 4. Transendentale Argumente

Vir Fesko is die saak van algemene oortuigings die kern van sy bydrae in hierdie boek. Die onderwerp van wêreldbeskouings sien hy as 'n struikelblok in die weg van die herwinning van die klassiek-Gereformeerde idee van gemene oortuigings. Nog só 'n kwessie is Van Til se gebruik van transendentale argumente (Fesko, 2019:136-137).

Voor Fesko se besware aan die orde kom, moet die konsep van transendentale argumente eers gedefinieer word. John Frame (2012) gee 'n goeie uiteensetting van die agtergrond van transendentale argumente uit die Kantiaanse filosofie. Fesko (2019:138-141) se uiteensetting sluit ook hierby aan. Immanuel Kant het transendentale argumente gebruik teen die radikale skeptici van sy tyd. Van Til het aangesluit by Kant se transendentale argumente en sy eie transendentale argument vir die bestaan van God (TAG van hier af) geformuleer. Frame (2012) stel dat Van Til se TAG 'n verdediging is van 'n bewering wat hy gereeld maak: Slegs die voorveronderstellings van die Christelike wêreldbeskouing gee gronde vir 'n verstaanbare werklikheid.

> [Van Til] maintained that Christian theism is the presupposition of all meaning, all rational significance, all intelligible discourse. Even when someone argues against Christian theism, Van Til said, he presupposes it, for he presupposes that rational argument is possible and that truth can be conveyed through language (Frame 2012).

Wanneer die TAG uitgeskryf word in formele logika, sou dit soos volg geformuleer kon word:

1. Alle mense neem aan dat die werklikheid kenbaar is.
2. Maar die kenbaarheid van die werklikheid is net moontlik op grond van Christelike teïsme.
3. Dus: Christelike teïsme is onvermydelik.

Soos Frame (2012) opmerk, het Van Til selde 'n in-diepte verdediging van hierdie argument gedoen. Veral wat die tweede premis betref, stel Frame (2012), dat Van Til skynbaar aangeneem het dat die waarheid daarvan voor die hand liggend is. Van Til se volgelinge het egter op sy skouers kom staan en die argument verder uitgebou en verdedig.

Uit die lig van bogenoemde kan die TAG soos volg gedefinieer word: *Die argument wat aanvoer dat Christelike teïsme voorveronderstel moet word om gronde te gee vir 'n verstaanbare werklikheid*.

### *4.1 Fesko se beswaar teen Van Til*

Fesko se beswaar teen Van Til se TAG is soos volg: Die TAG kan gebruik

word, maar nie as die alfa en omega van Christelike apologetiek nie. Fesko (2019:137) skryf: "This chapter argues that the TAG is a useful tool within the apologist's toolbox but is neither a silver-bullet argument nor the most biblically pure form of Reformed apologetics." Hy stel dat diegene wat die TAG gebruik ten koste van die tradisionele argumente (soos die kousale argumente van Aquinas), besig is om weg te beweeg van die klassiek-Gereformeerde tradisie (Fesko, 2019:137). Die TAG kan 'n nuttige argument in die apologeet se arsenaal wees, maar dit moet nie gebruik word ten koste van argumente uit die algemene openbaring nie (Fesko, 2019:137). Op hierdie punt verskil hy van Van Til, want Van Til (en sy volgelinge) bied die TAG wel aan as die primêre vorm van Christelike apologetiek (Fesko, 2019:136). Hierdie verheffing van die TAG is volgens Fesko 'n struikelblok wat in die weg lê van die herwinning van die klassiek-Gereformeerde siening oor algemene oortuigings. Fesko se beswaar teen Van Til kan soos volg opgesom word:

1. Van Til en sy volgelinge gebruik die TAG ten koste van die klassieke argumente.
2. Die klassieke argumente het wel 'n regmatige plek in 'n Gereformeerde apologetiek.
3. Dus: Van Til en sy volgelinge doen afbreuk aan 'n afgeronde Gereformeerde apologetiek.

### *4.2 Fesko se bewyse*

Hier word gefokus op Fesko se eerste premis: Dat Van Til en sy volgelinge die TAG gebruik ten koste van die klassieke argumente. Fesko (2019:142) se eerste bewys is 'n aanhaling uit Van Til (1967:103) waar hy skryf:

> But the best and only possible proof for the existence of such a God is that his existence is required for the uniformity of nature and for the coherence of all things in the world ... Even non-Christians presuppose its truth while they verbally reject it. They need to presuppose the truth of Christian theism in order to account for their own accomplishments.

Fesko is reg dat Van Til hier skryf asof hy reken dat die TAG die enigste argument is wat gebruik kan word in Christelike apologetiek. Om te stel dat dit die beste en enigste moontlike bewys vir die bestaan van God is, gaan te ver. Dit kom egter later aan die orde dat Van Til op ander plekke nie teen die gebruik van die klassieke argumente is nie, maar hier word toegegee dat Fesko op die regte spoor is om hierdie opmerking te kritiseer.

Fesko (2019:143-149) beskuldig verder vir Van Til van sinkretisme in sy denke. Hy reken dat Van Til inkonsekwent was deur Aquinas te beskuldig

van sinkretisme in sy poging om Aristoteliaanse filosofie te versoen met die Christelike godsdiens, maar intussen doen hy presies dieselfde met Kantiaanse filosofie. Tog moet Fesko besef dat hy hierdeur 'n swaard geslyp het wat twee kante toe kan sny: As Van Til se gebruik van die TAG hom skuldig maak aan sinkretisme, wat dan van Aquinas se gebruik van Aristoteliaanse argumente? As die TAG teruglei na Kantiaanse filosofie, lei die klassieke argumente nie terug na Aristoteliaanse filosofie nie? Fesko (2019:71-96) spandeer 'n hele hoofstuk van sy boek om Aquinas van hierdie beskuldiging te onthef deur te stel dat Aquinas aangesluit het by oomblikke van waarheid by Aristoteles. Dieselfde kan gesê word oor Van Til: Hy het slegs aangesluit by oomblikke van waarheid by Kant.

Fesko (2019:149-154) lewer nog 'n beswaar in verband met die koherensie-teorie van waarheid. Hy verduidelik sy kritiek: "A second issue regarding the TAG is that some of its proponents use one theory of truth to excess" (Fesko, 2019:149). Hy identifiseer hierdie teorie van waarheid as die koherensie teorie van waarheid. Fesko se beskuldiging gaan nie daaroor dat Van Til (en sy volgelinge) *wel* die koherensie teorie van waarheid gebruik nie, maar dat hulle hierdie teorie van waarheid gebruik *ten koste van* die korrespondensie-teorie van waarheid. Hy gee egter geen aanduiding van enige werke van Van Til of sy volgelinge waar hulle die gebruik van die korrespondensie-teorie van waarheid verwerp nie. Hieronder word gewys dat Van Til uitdruklik die koherensie-teorie *sowel as* die korrespondensie-teorie van waarheid ondersteun het.

Fesko (2019:155-156) sluit dan af deur te stel dat dit nie 'n goeie idee is om 'n apologetiese metodiek (of 'n teologiese sisteem) te bou op 'n tydgebonde filosofie soos dié van Kant nie. Van Til het – deur soveel aan te sluit by Kant se filosofie – sy teologie noodgedwonge gestrem, want noudat Kant se idealisme verflou het, is Van Til se teologie daarmee saam uitgewerk. Weereens moet daarop gewys word dat Fesko 'n hele hoofstuk spandeer om Aquinas van 'n soortgelyke beskuldiging te onthef. Soos Anderson (2021c) opmerk: "[If] we're going to have a conversation about apologetic methods not being tied to passing philosophical trends, perhaps we should include as an agenda item the enthusiasm in some Reformed circles today for unreconstructed Aristotelian-Thomism!"

Die gevolgtrekking is dat Van Til wél soms geskryf het asof die TAG die enigste geldige argument vir die bestaan van God is. Fesko dui egter nie voldoende aan dat Van Til en sy volgelinge te veel klem plaas op die koherensie-teorie van waarheid nie. Fesko is ook inkonsekwent wanneer hy Van Til verkwalik vir die feit dat hy gebruik gemaak het van sommige idees

uit Kant. Vervolgens word geargumenteer dat Van Til wél ŉ hoë siening van argumente uit die algemene openbaring gehuldig het.

### 4.3 Van Til se standpunt

Een van die rigtinggewende besprekings oor Van Til se standpunt rondom die klassieke argumente is Notaro (1980) se publikasie, *Van Til & The Use of Evidence*. Sy eerste hoofstuk lewer ŉ bespreking van die geldigheid en werkbaarheid van klassieke argumente in Van Til se sisteem. Anders as wat soms deur Van Til se teenstanders beweer word, het hy baie goeie dinge te sê gehad oor die plek van redelike argumente en bewyse in die Christelike apologetiek (Notaro, 1980:16). Notaro (1980:16-17) toon aan dat Van Til se besware teen die gebruik van klassieke argumente meestal besware was teen die bespreking van feite alleenlik. Vir Van Til was die feite nie onbelangrik nie, maar hy het daarop aangedring dat ook die voorveronderstellings wat die feite inkleur in gedagte gehou moet word (Notaro, 1980:17). Van Til se siening kom duidelik na vore in die volgende aanhaling:

> I would therefore engage in historical apologetics. (I do not personally do a great deal of this because my colleagues in the other departments of the Seminary in which I teach are doing it better than I could do it). Every bit of historical investigation, whether it be in the directly Biblical field, archaeology, or in general history, is bound to confirm the truth of the claims of the Christian position. But I would not talk endlessly about facts and more facts without ever challenging the non-believer's philosophy of fact. A really fruitful historical apologetic argues that every fact is and must be such as proves the truth of the Christian theistic position (Van Til, 1967:199).

Dit is insiggewend dat Fesko (2019:142) juis uit hierdie boek van Van Til (*The Defense of the Faith*) aanhaal om sy premis te bewys dat Van Til slegs die gebruik van die TAG goedkeur. Die vraag is egter waarom hy nooit hierdie deel van Van Til se denke ter sprake bring in sy bespreking van die TAG nie. In die lig van bogenoemde is dit duidelik dat Van Til nie teen die gebruik van klassieke argumente is nie, maar slegs daarop aandring dat die voorveronderstellings van hierdie argumente ook soms ter sprake kom.

Wat Van Til se standpunt oor die koherensie- en korrespondensie- teorieë van waarheid betref: Van Til (1969:11-13) aanvaar wel ŉ weergawe van beide die koherensie-teorie *en* die korrespondensie-teorie van waarheid. Hy argumenteer dat ŉ Christelike teorie van waarheid, die oomblikke van waarheid uit altwee teorieë in ag moet neem. Die Christelike teorie van waarheid erken die korrespondensie-teorie van waarheid daarin dat menslike kennis waar is in soverre dit korrespondeer met God se kennis (Van Til, 1969:11). Maar die Christelike teorie van waarheid erken ook die koherensie-teorie van waarheid

daarin dat die kennis wat korrespondeer met God se kennis noodwendig ook samehangende ('coherent') kennis sal wees, omdat al God se kennis samehangend is. Van Til (1969:12-13) noem dan dat sy posisie sal kan inpas by beide die koherensie en korrespondensie-benaming, maar dat dit in albei gevalle onderskei moet word van die historiese posisies onder hierdie name. Uiteindelik gee hy wel voorkeur aan die korrespondensie-benaming.

Van Til handhaaf dus 'n meer holistiese siening oor transendentale argumente as wat Fesko wil toegee. Van Til het sy TAG nie beskou as die een en die al van Christelike apologetiek nie – hy laat duidelik ruimte vir die gebruik van die klassieke argumente. Verder het hy nie die koherensie-teorie van waarheid oorspeel nie. Samevattend word dus weer gestel dat daar algemene grond is tussen Van Til en Fesko.

## 5. Samevatting

Deur die loop van hierdie artikel is Fesko se kritiek op die onderbou van Cornelius Van Til se apologetiek, in Fesko se boek, *Reforming Apologetics*, bespreek. Daar is gekyk na die drie hoof-argumente teen Van Til: Die onderwerpe van algemene oortuigings, wêreldbeskouing en transendentale argumente. Telkemale is Fesko se argument uiteengesit, sy eie bewyse vir sy argumente bespreek en daarteenoor Van Til se standpunt gestel.

Deurgaans is die gevolgtrekking dat Fesko en Van Til se standpunte nie so ver uitmekaar lê as wat Fesko beweer nie. Fesko kritiseer Van Til daaroor dat hy óf direk die klassiek-Gereformeerde tradisie ontken, óf dit doen per implikasie. Deurgaans beskuldig Fesko hom daarvan dat hy hom vereenselwig met Kantiaanse filosofie eerder as klassiek-Gereformeerde denke. Fesko se argumente is egter nie oortuigend nie. Soms kon wel erken word dat Van Til nie duidelik genoeg was in sy formulerings nie. Maar meestal is dit duidelik uit die konteks dat Van Til se posisie meer genuanseerd is as wat dit met die eerste oogopslag voorkom.

Wat algemene oortuigings betref: Van Til handhaaf 'n deurdagte beskouing van algemene oortuigings. Hy erken dat algemene oortuigings tussen gelowiges en ongelowiges bestaan, danksy die feit dat die ongelowige, duskant die wederkoms, nie voluit epistemologies selfbewus is nie: Daar is steeds 'n vorm van algemene genade.

Wat wêreldbeskouing betref: Fesko beskuldig Van Til dat hy homself vereenselwig met HWT – 'n Kantiaanse benadering tot die filosofie van wêreldbeskouing. Tog blyk dit telkemale dat Van Til homself nie vereenselwig

met die kenmerke van HWT nie. Van Til sien, in beginsel, ŉ absolute antitese tussen die Christelike geloof en enige ander godsdiens, maar erken ŉ mate van oorvleueling weens inkonsekwentheid aan die kant van beide die gelowige en die ongelowige. Hy argumenteer ook dat die ongelowige deurgaans die waarheid van die Christelike wêreldbeskouing voorveronderstel, selfs wanneer hy kritiek uitspreek teen hierdie wêreldbeskouing.

Wat transendentale argumente betref: Fesko het dit nie teen transendentale argumente as sulks nie, maar wel teen die gebruik daarvan ten koste van die klassieke argumente. Tog is dit duidelik dat Van Til ruimte laat vir die gebruik van klassieke argumente. Hy dring egter daarop aan dat die Christelike apologeet nie homself slaafs moet verbind aan die gebruik van bewyse vir die bestaan van God nie: Die grondslag van daardie bewyse moet soms ook bespreek word.

Alles in ag genome blyk dit dat Fesko nie reg laat geskied aan Van Til se standpunte nie. Daarom is ŉ positiewe beoordeling van Fesko se boek soos McGraw (2019) en Mathison (2020) nie moontlik nie. Die bewyse wat Fesko lewer oortuig nie en sy verwysings bewys per geleentheid selfs die teenoorgestelde. Fesko doen nie genoeg moeite om Van Til se standpunt in hele oeuvre eerlik weer te gee nie. Daar is minder van ŉ kloof tussen die klassieke apologetiek en die voorveronderstellende apologetiek as wat Fesko aanvoer.

Die vraag wat hiermee ontstaan, is die volgende: As Fesko en Van Til dan nie wesenlik oor hierdie sake verskil nie, is daar dan werklik ŉ verskil tussen hulle apologetiese metodologieë? Beteken dit nou dat die voorveronderstellende apologetiek eintlik maar in wese ooreenstem met die klassieke apologetiek? Hierop is die antwoord dat dit duidelik is dat Van Til wel nuwe insigte gebring het in die kwessie van apologetiese metodologie. Die verskille wat tussen hierdie benaderings bestaan, lê egter nie op die plekke waar Fesko dit aandui nie.

## Bibliografie

ANDERSON, J. 2021a. *Reforming apologetics (common notions).* [Aanlyn] Proginosko. Beskikbaar by: https://www.proginosko.com/2019/07/reforming-apologetics-common-notions/ [6 Julie 2022].

—. 2021b. *Reforming apologetics (worldview).* [Aanlyn] Proginosko. Beskikbaar by: https://www.proginosko.com/2019/09/reforming-apologetics-worldview/ [23 Julie 2022].

—. 2021c. *Reforming apologetics (transcendental arguments)*. [Aanlyn] Proginosko. Beskikbaar by: https://www.proginosko.com/2020/01/reforming-apologetics-transcendental-arguments/ [30 Julie 2022].

FESKO, J.V. 2019. *Reforming apologetics: retrieving the classic reformed approach to defending the faith*. BakerAcademic.

FRAME, J. 2012. *"Transcendental arguments."* [Aanlyn] Frame-Poythress.org. Beskikbaar by: https://frame-poythress.org/transcendental-arguments/ [Besigtig 26 Julie 2022].

MATHISON, K.A. 2020. *Book review: reforming apologetics: retrieving the classic reformed approach to defending the faith by J.V. Fesko.* [Aanlyn] Tabletalk. Beskikbaar by: https://tabletalkmagazine.com/posts/book-review-reforming-apologetics-retrieving-the-classic-reformed-approach-to-defending-the-faith-by-jv-fesko/ [Besigtig 31 Julie 2022].

MCGRAW, R.M. 2019. *Reforming apologetics*. [Aanlyn] Reformation21. Beskikbaar by: https://www.reformation21.org/articles/reforming-apologetics.php [Besigtig 22 Oktober 2021].

NOTARO, T. 1980. *Van Til & the use of evidence.* New Jersey: P&R Publishing Company.

PRATT, R.L. Jr. 1999. *Common misunderstandings of Van Til's apologetics.* [Aanlyn]. IIIM Magazine Online Volume 1, Nommer 40. Beskikbaar by: https://www.thirdmill.org/files/english/html/th/TH.h.Pratt.VanTil.1.html [Besigtig 16 Augustus 2022].

REFORMED FORUM. 2019. *Reformed apologetics.* [YouTube] Beskikbaar by: https://youtu.be/rWkgBvYRCWA [Besigtig 31 Julie 2022].

VAN TIL, C. 1946. *Nature and scripture*. In: The infallible word: a symposium [Elektronies].

—. 1967. *The defense of the faith*. New Jersey: P&R Publishing.

—. 1969. *A survey of christian epistemology*. New Jersey: P&R Publishing [Gratis beskikbaar: https://presupp101.files.wordpress.com/2011/08/van-til-a-survey-of-christian-epistemology.pdf (25 Julie 2022)].

—. 1974. *An introduction to systematic theology.* 2de uitg. Geredigeer deur William Edgar. New Jersey: P&R Publishing.

—. 1976. *Christian apologetics.* New Jersey: P&R Publishing.

—. 2015. *Common grace and the gospel.* 2de uitg. Geredigeer deur K. Scott Oliphint. New Jersey: P&R Publishing [Elektronies].

—. s.a. *My credo.* [Aanlyn]. Reformed.org. Beskikbaar by: https://reformed.org/apologetics/my-credo-by-cornelius-van-til/ [Besigtig 16 Augustus 2022].

WALDRON, S. 2019. *J. V. Fesko's reforming apologetics—retrieving the classical reformed approach to defending the faith—a critical review (4 of 4)*. [Aanlyn] Covenant Baptist Theological Seminary. Beskikbaar by: https://cbtseminary.org/j-v-feskos-reforming-apologetics-retrieving-the-classical-reformed-approach-to-defending-the-faith-a-critical-review-4-of-4/ [Besigtig 31 Julie 2022].